BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

Mamma span óók haar sintuie met BabaGim® in

Sonja Basson

Een van my BabaGim kliente, Surina van Niekerk, het my verlede jaar kom sien toe sy 25 weke swanger was. Sy en haar man het BabaGim 1 gedoen en baie na hul bondeltjie vreugde se koms uitgesien. Hierdie was egter ‘n unieke BabaGim klas want die mamma is blind. Sy is nie blind gebore nie, maar het soos sy ouer geraak het haar sig stelselmatig verloor.

Dit is die eerste keer wat ek persoonlik met iemand te doen gehad het wat blind is- en wat ‘n wonderlike ervaring was dit nie! So baie mammas, ek inkluis, wat na geboorte met hul pasgebore babatjies tuiskeur raak oorweldig en hier sien hierdie mamma kans vir al die uitdaging van ouerskap sonder haar sig – sy sal nie eers die gesiggie van haar liefling dogtertjie kan sien nie. Sjoe, dit is omtrent iets om te admireer.

Die BabaGim 1 klassies was ‘n geleentheid vir Surina om haar vrae te vra en sekerheid oor ‘n paar goedjies te kry. Ons moes die massering bietjie anders benader, waar ‘n BabaGim Instrukteur gewoonlik op ‘n pop demonstreer het ek nou Mamma se hande geneem en hul op die pop gelê en so vir haar gewys hoe om baba te masseer, insluitend die immers belangrike ‘I LOVE YOU’ kolon-massering. Ek het selfs met tye haar ore masseer sodat sy deur ervaring kon leer hoe om babatjie se ore te masseer.

Hierdie ervaring met Surina en haar man het my net weer laat besef hoe belangrik elkeen van ons sintuie is. Alhoewel sy nie kan sien nie, het sy nog die voorreg om met tas/ gevoel, reuk, smaak en gehoor die lewe te ervaar. Dit is vir my merkwaardig dat sy hierdie sintuie kan inspan om haar dogtertjie te help om optimaal te ontwikkel.

Na ons BabaGim 1 sessies het Surina en haar man die geboorte-opsies gaan heroorweeg en het sy besluit om natuurlik geboorte te gee. Sy het haar dokter van hul besluit in kennis gestel en sy het ‘n paar weke daarna natuurlik aan hul dogtertjie geboorte geskenk. Met die hulp van ‘n paar BabaGim oefeninge en die daaglikse massering het babatjie ook goed gevoed en geslaap.

Die geboorteproses het baie goed verloop en Surina meen dit is omdat sy goed voorbereid was. Die internet is ‘n wonderlike hulpmiddel, maar met so baie inligting en opinies raak mens vinnig oorweldig.

Vandag weet Surina presies hoe om haar baba te masseer, sy gebruik ook haar gehoor om te bepaal wat haar baba wil hê en sy kan ruik as haar baba se doekie geruil moet word, met haar hande en tassintuig kan sy haar babatjie optel en liefkoos en sy kan ook vel-tot-vel met haar babatjie sit. Wat ‘n voorreg is dit nie.

Die lekker ding van BabaGim is dat dit ‘n natuurlike bewegingsprogram is. Ons mimiek doodeenvoudig die natuur se spontane ontwikkelings-verloop en daarom kan ek BabaGim met selfvertroue vir enige swanger mamma en pappa aanbeveel. Ek sien uit om die gesinnetjie eersdaags by BabaGim 2 klassies te verwelkom.

©BabaGim Instituut: JOHANNESBURG 2016